**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**JUNIE 2022**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 90**

**TYD: 1½ UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *8* bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **STELWERK** | **(30)** |
| **AFDELING B:** | **LETTERKUNDE** | **(60)** |

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**


7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

***STERKTE!!!***

**AFDELING A: STELWERK**

<u>Vriendskaplike brief</u>

- *Lees die onderstaande instruksie noukeurig deur. Jou brief moet <u>120–150 woorde</u> lank wees.*
- *Onthou om te beplan, 'n eerste poging en dan die finale poging te doen.*
- *Skryf jou getal woorde onderaan.*



Jy moet 'n brief aan jou maat oor jou nuwe hoërskool skryf. Het jy die regte keuse van hoërskool gemaak? Vertel van jou nuwe vriende, onderwysers, senior leerlinge en die sport en/of kulturele aktiwiteite waaraan julle moet deelneem.

[30]



**TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE**

## AFDELING B: LETTERKUNDE

**VRAAG 1: Blind date (Christie Nortjé)**

**Lees die onderstaande uittreksels deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

> ***Esmarie kan haar lag nie hou nie. Sy druk die selfoon weg. "Ek het al tagtig keer sy boodskappe gelees. Grys is baie naby aan blond," lag sy. En dalk het hy per ongeluk verkeerd getik. Die een moes seker ná die vyf kom." Nelda gluur haar aan. Dalk is dit nie hy nie...."***

**1.1 Vir wie moes Nelda ontmoet? Gee sy naam. (1)**

**1.2 Pas die beskrywings in KOLOM B by die name in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer, bv. 1.2.1A.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Marnus | A. Pienk |
| 1.2.2 Nelda | B. Ou man wat van jong meisies hou. |
| 1.2.3 Esmarie | C. Pers |
| 1.2.4 Blom | D. Red die situasie |
| | E. Leer 'n belangrike les |

**(4)**

**1.3 Verduidelik**

**(a) hoe die"seun" moes gelyk het. (1)**

**(b) hoe die man gelyk het. (1)**

**1.4 Hoe sou Nelda die man uitken (recognise)? Noem twee dinge. (1)**

**1.5 Na watter funksie sou Nelda die man saamnooi? (1)**

**1.6 Hoe het Nelda seker gemaak dat dit die regte persoon was? (1)**

> ***Oomblikke later lees hulle:*** *Jip! Kani wag dt jy my ontmoet ni. Hopi jy skrik ni. Ek's biki ouer as wt ek jo vtel ht.*
>
> ***"Ja, soos in: Ek is die pá van die ou van wie ek jou vertel het!" lag Esmarie en gee Nelda se foon terug.***
>
> ***"Hoe raak mens van iemand op WhatsApp ontslae?" vra Nelda benoud.***
>
> ***"Vee hom uit!"***

**1.7 Die volgende stelling is WAAR. Gee 'n bewys daarvoor.**

**Nelda kon die man nie net van haar selfoon afvee nie. (1)**

**1.8 Watter ander inligting het die man van Nelda? (1)**

**1.9 Kies die korrekte antwoord en skryf die nommer en die letter neer.**

**Nelda raak benoud as Esmarie planne het, want ...**

**A. dit werk nooit uit nie.**
**B. dit werk altyd uit.**
**C. dit kry hulle altyd in die moeilikheid.**
**D. dit kry hulle altyd uit die moeilikheid.** **(1)**

**1.10 Lees die volgende paragraaf noukeurig deur en vul die ontbrekende woorde in. Gebruik die woordblok om jou te help. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **ouma** | **Wimpy** | **niggie** | **ma** | **tagtigste** | **Milky Lane** |
| **veertigste** | **sestigste** | **Spur** | | | |

**Esmarie het gemaak asof Nelda haar (1.10.1)___ is. Sy het vir die man wat in (1.10.2)___ gewag het, gesê Nelda is laat, want dis haar (1.10.3)___ verjaardag.** **(3)**

**1.11 Beskryf die man se gesig:**

**a) toe hy die twee jong meisies gesien het.** **(1)**

**b) nadat Esmarie vir hom die storie van "Nelda"vertel het.** **(1)**

**1.12 Wat noem ons iemand soos hierdie man?** **(1)**

**1.13 Watter les het ons (en Nelda) uit hierdie storie geleer?** **(1)**

**[20]**

**VRAAG 2: Die krieketkolf (Erns Grundling)**

**Lees die onderstaande uittreksels deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

***"HOWZA-A-A-A-AT!!!" weerklink dit rondom die Hoërskool Otto van Staden se B-veld. Al die veldwerkers se arms strek hemelwaarts –selfs die wat op die grens staan en skaars kon sien wat op die kolfblad gebeur het. 'n Mexican wave op die pawiljoen.***

***Okkert staan roerloos voor hy vinnig ondertoe kyk. Die sekondes tik verby. Hy het die bal probeer dryf, maar toe glip dit deur en tref hom vol op die regterbeenskut, reg onder die knie.***

***Gelukkig hou meneer Pienaar, die skeidsregter, sy arms gevou agter sy rug.***

**2.1 Wat is meneer Pienaar se bynaam?** **(1)**

**2.2 Okkert kon maklik uit gewees het.**

**a) Stem jy saam met die stelling? JA/NEE?** **(1)**

**b) Verduidelik deur 10 opeenvolgende woorde uit die uittreksel aan te haal.** **(1)**

**2.3 Wie het ook intussen kom krieket kyk, wat Okkert verbaas het?** **(1)**

**2.4 Aan watter sport het Okkert senior deelgeneem?** **(1)**

**2.5 Pas die woorde in KOLOM B by die woorde in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer, bv. 2.5.1A.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.5.1 Gereelde gas | A. *Twenty20* |
| 2.5.2 Curriebeker | B. Pa het kookwater krieket gespeel |
| 2.5.3 1991 | C. Op *Supersport* krieketprogram |
| 2.5.4 *Benson & Hedges-reeks* | D. Groot honderdtalle aangeteken |
| | E. Sy beste jare is verby |

**(4)**

**2.6 Die volgende stelling is WAAR. Bewys jou antwoord.**

**Okkert senior praat gereeld met bekende/beroemde mense. (1)**

***Okkert weet nie hoe om dit vir sy pa te verduidelik nie, maar hy sukkel om te fokus. Graad 8 is vir hom 'n groot aanpassing. Die nuwe vakke, die matriek boelies ... en dan is daar Bienkie Beukes, die bruingebrande hekkiesatleet met die rooi tekkies en 'n diep kuiltjie in haar linkerwang.***

**2.7 Wat was een van Okkert se eerste speelgoed toe hy klein was? (1)**

**2.8 Wat het veroorsaak dat Okkert senior nie vir die Springbokspan in Australië kon gaan speel nie? (1)**

**2.9 Voltooi die paragraaf deur woorde uit die woordblok te kies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| fokus | glimlag | kleur | meriete | sirkus | *Twenty20* |

**Okkert senior het altyd vir hom gesê hy moet (2.9.1)___ wanneer hy speel. Elke bal moet op sy (2.9.2)___ gespeel word. Hy moet ook nie enige (2.9.3)___ -toertjies uithaal nie. (3)**

**2.10 Wie is Okkert se krieketheld? Gee sy naam en van. (1)**

**2.11 Wat moes Okkert doen om 'n Kookaburra krieketkolf vir sy verjaardag te kry? (1)**

**2.12 Wat het veroorsaak dat Okkert fokus verloor en 'n verkeerde besluit geneem het? (1)**

**2.13 Hoekom kon Okkert nie sy kaptein en Bienkie se komplimente waardeer nie? (1)**

**2.14 Wat sê Okkert se pa met sy geskenk van 'n hokkiestok vir Okkert? (1)**

**[20]**

**VRAAG 3: Die rottweiler wat verstik het**

**Lees die onderstaande uittreksels uit die verhaal. Beantwoord dan die vrae wat volg.**

***Bedags, as sy gaan werk, bly die hond in die woonstel. Saans, wanneer sy by die huis kom, is hy baie bly om haar te sien. Dan gaan stap die meisie met hom in die park.***

***Een aand toe sy haar woonsteldeur oopsluit, kom die hond haar nie soos gewoonlik groet nie. Verbaas stap sy in, skakel die lig aan en sien die hond op die mat in die gang lê. Dit lyk asof iets in sy keel vassit en hy kan nie asem kry nie.***

**3.1 Kies die korrekte woord en skryf dit dan neer.**

**Hierdie meisie het in (KwaZulu-Natal/Oos-Kaap/Gauteng) gewoon. (1)**

**3.2 Waarom dink jy, het die meisie eerder in Johannesburg kom bly as om op die plaas te bly? (1)**

**3.3 Hoekom het die meisie se pa vir haar 'n rottweiler gegee? (1)**

**3.4 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (3.4) neer.**

**Die meisie woon in Johannerburg in 'n ___.**

A. huis
B. meenthuis
C. woonstel
D. kothuis (1)

**3.5 In enige verhaal is daar gebeure (events) en gevolge (consequences).**
**Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A-D) langs die vraagnommers (3.5.1 – 3.5.4) neer.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.5 1 Die meisie werk bedags. | A. Die hond val hom aan. |
| 3.5.2 Sy was haastig om by die veearts te kom. | B. Daar was drie vingers in die hond se keel. |
| 3.5.3 Die dokter vind die probleem. | C. Sy bel dadelik haar pa. |
| 3.5.4 Iemand breek by haar woonstel in. | D. Saans neem sy die hond parkie toe. |
| | E. Sy het haar voordeur oopgelos. |

**(4)**

**3.6 Beskryf die hond se reaksie as sy saans by die huis kom. (1)**

**3.7 Hoe het die meisie geweet iets het in die hond se keel vasgesit? (1)**

| |
|---|
| ***Die meisie jaag terug na haar woonstel toe. Net toe sy daar kom, lui die telefoon. Dis die veearts wat sê sy moet dadelik uit haar woonstel padgee. "Moenie eers vrae vra nie, maak net dat jy uit die woonstel wegkom!" sê hy kwaai.***<br><br>***Sy sit die telefoon neer en hardloop by haar woonstel uit.***<br><br>***Buite hoor sy die geluid van 'n polisiemotor. Kort daarna hardloop 'n paar polisiemanne by haar verby, reguit na haar woonstel toe.*** |

**3.8.1 Verduidelik hoekom die veearts baie kwaai met haar gepraat en gesê het: "Moenie eers vrae vra nie, maak net dat jy uit die woonstel wegkom!" (1)**

**3.8.2 Het sy na die dokter geluister? JA/NEE? Verduidelik. (2)**

**3.9 Wie dink jy, het die polisie vir hulp gebel? (1)**

**3.10 Watter leidraad het die polisie op die mat in die woonstel gevolg? (1)**

**3.11 Na watter plek in die woonstel het die leidraad hulle gelei? (1)**

**3.12 Voltooi die paragraaf hieronder deur woorde uit die woordblok te gebruik. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **kind** | **gepyn** | **man** | **twee** | **gebloei** | **vier** | **drie** |

**In die kas het 'n 3.12.1___ gesit. Sy hand het verskriklik 3.12.2 __, want 3.12.3___ van die hand se vingers was weg! (3)**

**3.13 Die volgende stelling is WAAR. Verduidelik waarom.**

**Die meisie se pa was reg om vir haar 'n groot rottweiler te gee. (1)**

**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 60 PUNTE**

**SOMTOTAAL: 90 PUNTE**